# WAARDETOEGEVOEGDE DIENSTE - 24-uur motor-noodbystand

## Padbystand

### Verduideliking van diens

Die Diensverskaffer sal ‘n noodbystands- of insleepdiens verskaf vir die Gespesifiseerde Voertuig in enige van die volgende omstandighede wat in die Gebiedsperke plaasvind:

1. meganiese of elektriese onklaarraking;
2. ‘n pap battery;
3. vervanging van ‘n pap wiel;
4. 10 liter brandstof indien die Gespesifiseerde Voertuig se brandstof opraak;
5. die oordra van boodskappe;
6. die uitroepfooi en die eerste uur se arbeid ten einde ‘n slotmaker te laat kom om die sleutels terug te kry wat per ongeluk in die Gespesifiseerde Voertuig toegesluit is

met dien verstande dat insleepkoste beperk is tot 100 kilometer in grootstedelike gebiede en 400 kilometer in landelike gebiede.

Indien die Gespesifiseerde Voertuig verder as 100km vanaf die Versekerde se permanente besigheidsadres onklaar raak, sal hierdie diens die koste betaal van:

1. akkommodasie vir een nag tot en met R500 in totaal ongeag die aantal insittendes in die voertuig, of
2. ‘n kompak 1600cc luikrugmotor of soortgelyke huurvoertuig vir een dag, beperk tot 200 kilometer.

### Omskrywings

**Diensverskaffer** sal wees die diensverskaffer soos vermeld in die bylae van Waardetoegevoegde Dienste.

**Gespesifiseerde voertuig** beteken slegs daardie voertuie soos gelys ingevolge hierdie diens in die bylae van Waardetoegevoegde Dienste.

**Gebiedsperke** sal beteken binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika.

### Prosedure om hierdie diens te ontvang

Die 24-uur oproepsentrum kan gekontak word deur die nommer wat in die bylae van die Waartoegevoegde Dienste vervat is, te skakel.

### Uitsluitings

Hierdie diens sluit nie in nie:

1. koste om onderdele te herstel of te vervang;
2. koste om slotte of die ontstekingsmeganisme te herstel as gevolg van poging tot diefstal;
3. koste van ‘n slotmaker indien die voertuig se sleutels verloor word;
4. koste om gebruik te maak van ‘n ander diensverskaffer wat nie deur hierdie diens aangebied word nie;
5. koste as gevolg van die voertuig wat nie in ‘n padwaardige toestand is nie of nie in ‘n goeie werkende toestand gehou word nie;
6. koste van herstelwerk of insleepdienste buite die Gebiedsperke;
7. voertuigtipes buiten:
   7.1 privaattipe motorvoertuie, of
   7.2 minibusse met ‘n bruto voertuigmassa van hoogstens 3,500 kg, of
   7.3 ligte afleweringsvoertuie met ‘n bruto voertuigmassa van hoogstens 3,500 kg, of

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

7.4 boot-, bagasie- of woonwasleepwaens.

## Memorandum en voorwaardes

1. Hierdie bewoording moet saam met die bylae van Waardetoegevoegde Dienste gelees word.
2. Hierdie Waardetoegevoegde Diens is nie ‘n versekeringsdekking in terme van die Korttermynversekeringswet 53 van 1998 (soos gewysig) nie en is beperk tot ‘n besigheidsondersteuningsdiens aan polishouers van Santam. Deur die nommer wat in die polisbylae aangedui is, te skakel, word toegang verkry deur ‘n onafhanklike oproepsentrum tot die dienste soos hierbo aangedui.
3. Hierdie diens moet apart gelees word van die res van die bewoording(s) van Santam se versekeringspolis en geen verwysing sal gemaak word na die terme en voorwaardes van die bewoording van sodanige versekeringspolis nie.
4. Hierdie kontrak / diens mag te enige tyd gekanselleer word:

   4.1 deur die Diensverskaffer of Santam nadat 30 dae skriftelike kennisgewing gegee is van hulle voorneme om sodanig te handel; of

   4.2 deur die Versekerde wie onmiddellike kennisgewing mag gee om te kanselleer of deur kennisgewing om teen ‘n toekomstige datum te kanselleer.
5. Hierdie kontrak en alle voordele ingevolge hiervan sal outomaties staak:

   5.1 op dieselfde tyd as wanneer die onderliggende polis deur Santam gestaak word;

   5.2 per Gespesifiseerde Voertuig op dieselfde tyd as wanneer dekking vir die Gespesifiseerde Voertuig op die onderliggende Santam versekeringspolis gestaak word;

   en is dit ‘n voorwaarde dat hierdie dienste slegs beskikbaar sal wees onderwyl sodanige onderliggende polis van krag bly en die Gespesifiseerde Voertuig ingevolge daarvan verseker is. Alhoewel hierdie Waardetoegevoegde Dienste slegs van krag kan bly vir solank as wat jou onderliggende versekering aktief is by Santam, is daar geen verpligting om hierdie dienste aktief te hou sou die behoefte nie langer bestaan nie en kan dit te enige tyd gekanselleer word sonder dat jou onderliggende versekeringsdekking beïnvloed word.
6. Die Diensverskaffer mag die dekking of die terme ingevolge hierdie kontrak verbeter sonder om vooraf kennisgewing van sodanige verandering te gee op voorwaarde dat sodanige verandering tot die voordeel van die Versekerde is. Ander veranderinge vereis deur die Diensverskaffer sal in werking gestel word:

   6.1 by die jaarlikse hernuwing-/hersieningsdatum; of

   6.2 te enige ander tydstip deur 30 dae se skriftelike kennisgewing te gee van die Diensverskaffer se voorneme om sodanig te handel.
7. Alle voordele ingevolge hierdie kontrak is onderhewig aan die voorafbetaling van alle verskuldigde premies.
8. Nieteenstaande die feit dat Santam Beperk die diens wat deur hierdie fasiliteit verskaf word, streng sal monitor om te verseker dat dit aan ons verwagtinge en standaarde vir ons kliënte voldoen , as gevolg daarvan dat:

   8.1 die oproepsentrum ‘n onafhanklike besigheidsentiteit is;

   8.2 die Diensverskaffers onafhanklike regsentiteite is;

   8.3 enige finansiële vergoeding ontvang ingevolge hierdie diens oorbetaal is aan die onafhanklike Diensverskaffers

   sal Santam Beperk

   a) hoegenaamd nie verantwoordelik wees nie vir die kwaliteit van enige diens wat gelewer is deur hierdie fasiliteit;

   b) hoegenaamd nie aanspreeklik wees nie vir dood, liggaamlike besering of siekte van enige persoon as gevolg van enige diens wat gelewer is of nie gelewer is nie, soos bedoel;

   c) hoegenaamd nie aanspreeklik wees nie vir verlies (regstreeks of gevolglik), aanspreeklikheid, skadevergoeding of skade aan eiendom as gevolg van enige diens wat gelewer is of nie gelewer is nie, soos bedoel.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge